

STUDENTE-INENTING 2020

Beste Ouer/Voog

As die ouer van 'n voornemende student moet u seker bewus wees daarvan dat die risiko vir eerstejaarstudente om blootgestel te word aan siekte veroorsaak deur meningokokkus (bakteriese meningitis) wêreld wyd baie hoër is vergeleke met die algemene bevolking.

Hoe word siekte veroorsaak wat deur meningokokkus oorgedra word?

Siekte veroorsaak deur meningokokkus is seldsaam, maar onvoorspelbaar. Terwyl baie aan die organisme blootgestel word, besyk almal nie weens die siekte nie. Die bakterieë word van mens tot mens oorgedra deur druppeltjies respiratoriese of keelafskiedings van draers. Naby en verlengde kontak, soos om iemand te soen en naby of op hom/haar te nies of te hoes, om eet- en drinkgereedskap te deel wanneer daar dig saamgeleef word (soos in koshuise, slaapsale en lesingsale) verhoog die kans om meningitis by 'n besmette individu (draer) aan te steek. Kliniese studies hou voor dat universiteitstudente baie vatbaarder is omdat hulle so naby mekaar leef en werk.

Hoe kan siekte veroorsaak deur meningokokkus voorkom word?

Die goeie nuus is dat siekte veroorsaak deur die meningokokkus bakterie voorkom kan word met 'n entstof. Daar word aanbeveel dat u kind ingeënt word teen meningitis met die entstof genaamd Menactra. Die entstof word wêreldwyd gebruik en beskerm effektief teen van die algemeenste stamme van die siekte. Beskerming teen die siekte duur deur volwassenheid en derhalwe word 'n toekomstige aanspoordosis nie vereis nie. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie entstof, Menactra, nie dieselfde is as die entstof wat u kind as baba ontvang het nie. Newe-effekte van die entstof is seldsaam en gewoonlik matig, hoofsaaklik bestaande uit rooiheid en geswel by die plek waar die inspuiting toegedien is wat tot twee dae kan duur. Ons beveel aan dat u met u gesondheidsorgpraktisyn of die universiteitskampus se gesondheidsdienstpersoneel gesels oor verdere inligting oor die siekte, die entstof en of dit wenslik is dat u kind ingeënt word.

Hoe werk die inentingsproses?

Die Universiteit stel voor dat u inenting teen siekte wat veroorsaak word deur meningokokkus met u seun of dogter bespreek en daarvoor ingelig wees **dat die entstof beskikbaar is op die Potchefstroomkampus by die Gesondheidsorgsentrum, Gebou E16** waar gekwalifiseerde gesondheidsorgpraktisyns beskikbaar sal wees om die inenting toe te dien. Vir enige navrae, kontak:

- Heléne Nel 018-2994331 (20508190@nwu.ac.za) / Lee-Ann de Wet 018-2994368 (11216433@nwu.ac.za)

Aanbevelings:

- Indien die student 'n *mediese fonds* het, doen inenting by 'n apteek, Dischem, Clicks of gesinsarts.
- Laat die student inent *voor registrasie* as 'n NWU-student
- *Addisionele inenting* teen Masels, Pampoentjies en Rubella (Duitse masels) - die MMR-entstof en Kinkhies word ook ten sterkste aanbeveel.
- Handig *voltooidde vorm* tesame met bewys van betaling op die dag van inenting in of stuur dit na die volgende e-posadres: mittah.mokgothu@nwu.ac.za

Aangeheg by hierdie brief is 'n magtigings-/versoekvorm wat voltooi en geteken moet word deur die voornemende student of ouer/voog.

IMMUNISERING

Meningitis • Masels, Pampoentjies en Duitse masels (Rubella)

BELANGRIKE INLIGTING

Doel van immunisering:

Immunisering (inenting) behels voorkomende behandeling wat daarop gemik is om immuniteit te bou teen spesifieke aansteeklike siektes, bv.: Meningitis, Masels, Duitse masels en Pampoentjies.

Waar kan immunisering gedoen word?

- NWU Gesondheidsorgsentrum;
- U mediese praktisyn of huisdokter;
- Apteke (Bv. Clicks, Dischem, ens.);
- Klinieke.

Aanbevole immuniserings:

- Meningitis:
Menactra (Nappi kode: 720708001)
- Masels, Duitse masels en Pampoentjies (MMR):
Priorix (Nappi kode: 700772001)
Omzyta (Nappi kode: 724016001)

Koste verbode aan immunisering by die NWU Gesondheidsorgsentrum:

- Menactra R660-00
- Priorix/Omzyta R200-00

Vorme van betaling & prosedure:

Twee betalingsopsies is beskikbaar:

Kontant

- Betaling by:** Gebou F1 - Kassiere
- Verwysing:** Studentenommer
- Prosedure:**
- Skeduleer 'n afspraak (*Huiskomitee sal hiermee help*)
 - Bring bewys van betaling
 - Bring voltooide toestemmingsbrief (hierdie dokument)

EFT

- Betaling by:** Bank: ABSA
Rekeningnaam: NWU Diverse
Rekeningnommer: 670642313
- Verwysing:** 3B01635/studentenommer
- Prosedure:**
- Skeduleer 'n afspraak (*Huiskomitee sal hiermee help*)
 - Bring **gedrukte** bewys van betaling
 - Bring voltooide toestemmingsbrief (hierdie dokument)

Wie by die NWU dien immuniserings toe?

Die immunisering word deur geregistreerde gesondheidspraktisyns toegedien by:

NWU Gesondheidsorgsentrum
Gebou E16
NWU Potchefstroomkampus
(018)299-4345

Hoe lank is die leeftyd van die immunisering?

- Menactra 5 jaar
- Priorix/Omzyta Hang af van kinder immunisasie

Konsultasie aangaande immunisering:

Indien enige vrae, onduidelikheid en/of bekommernisse ten opsigte van immunisering bestaan, word u ten sterkste aangeraai om die onduidelikheid en/of bekommernisse met 'n gesondheidspraktisyn te bespreek.

1. Persoonlike Inligting: Gesondheidsgebruiker

| | |
|------------------------------------|-----------|
| Naam en Van: | |
| Studentenommer: | Ouderdom: |
| ID-nommer: | |
| Selfoonnummer: | |
| Epos adres: | |
| Potchefstroom woonadres / Koshuis: | |

2. Mediese Inligting: Gesondheidsgebruiker

| |
|-----------------------|
| Allergieë: |
| Vorige immuniserings: |

3. Ingeligte toestemming:

Ingevolge artikel 7 van die *Nasionale Gesondheidswet* (61 van 2003), saamgelees met artikel 129 van die *Kinderwet* (38 van 2005), moet elke gesondheidsgebruiker, bo die ouderdom van twaalf (12) jaar, uitdruklike ingeligte toestemming gee vir enige mediese behandeling. Ten einde hierdie vereistes te bevredig, word die volgende van die gesondheidsgebruiker vereis:

- Die skriftelike versoek vir immunisering(s) vanaf die gesondheidsgebruiker;
- Die uitoefening van 'n keuse ten opsigte van immunisering(s) deur die gesondheidsgebruiker;
- Skriftelike toestemming vir die toediening van immunisering(s) deur die gesondheidsgebruiker.

3.1 Gesondheidsgebruiker se keuse ten opsigte van Immunisering:

Kies een van die volgende opsies indien u van die immuniserings-dienste van die NWU Gesondheidsorgsentrum gebruik wil maak:

| | | | |
|----------|--|--------------------------|-----------|
| Opsie 1: | Meningitis (<i>Menactra</i>) R660-00 | <input type="checkbox"/> | Parafeer: |
| Opsie 2: | MMR: Masels, Pampoentjies en Duitse masels (<i>Priorix/Omzyta</i>) R200-00 | <input type="checkbox"/> | Parafeer: |
| Opsie 3: | Beide Meningitis & MMR (<i>Menactra en Priorix/Omzyta</i>) R860-00 | <input type="checkbox"/> | Parafeer: |

3.2 Gebruiker toestemming:

By die voltooiing en ondertekening van hierdie dokument, verklaar die gesondheidsgebruiker dat:

- Hy/sy die inligting vervat in hierdie dokument gelees het en verstaan;
- Hy/sy professionele mediese advies ingewin het indien enige onduidelikheid en/of bekommernisse ten opsigte van immunisering bestaan het;
- Hy/sy die keuse tot immunisering, wat hierbo aangedui is, vrywillig maak;
- Hy/sy verstaan dat immunisering onderhewig is aan kostes;
- Hy/sy verstaan dat die versoekte immunisering deur gekwalifiseerde gesondheidspraktisyns van die Noordwes Universiteit toegedien sal word; en
- Hy/sy bevestig dat al die informasie wat hy/sy in hierdie dokument verskaf korrek is.

| | | |
|---|---|---------------------------|
| Naam van gebruiker | Handtekening van gebruiker | Datum onderteken |
| Indien die gebruiker onder die ouderdom van twaalf (12) jaar is, moet die ouer of wettige voog van die minderjarige hierdie gedeelte voltooi. | | |
| Naam van ouer of wettige voog | Handtekening van ouer/wettige voog | Datum onderteken |